# Aansoeke/Registrasies vir Graad 8 2027

## Alle aansoeke vir 2027 se graad 8's, is 'n tweeledige proses, nl:

A. **AANLYNREGISTRASIE BY DIE SKOOL** sodat alle inligting rakende die betrokke leerder bekom kan word. (Dit moet so gou moontlik na die Opedag - vanaf 20 April 2026 - geskied.)

**GEBRUIK HIERVOOR DIE VOLGENDE SKAKEL:**
https://forms.gle/Ra7Nmp7Ksk45XTV29 en voltooi die vorm volledig.

Die volgende dokumente moet met u aansoek opgelaai word:

- leerder se geboortesertifikaat - verpligtend;
- leerder se nuutste graad 7-rapport - verpligtend;
- albei ouers/voogde se ID-dokumente - verpligtend;
- adresbewys – nie ouer as 3 maande nie - verpligtend;
- u mediesefondskaart – indien van toepassing;
- leerder se konsessie-/akkommodasiebewys van die Departement van Onderwys (beskikbaar by die laerskool) – indien van toepassing.

**Onvolledige aansoeke sal nie oorweeg word nie.**

B. **REGISTRASIE BY DIE GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS (GDO):**
So teen die middel van die jaar – gewoonlik in Juniemaand - open die GDO se aansoekproses.

- U moet asb seker maak dat u u kind by al die skole wat u oorweeg, aansoek doen.
- Hy/sy sal nie by 'n skool geplaas word indien hy/sy nie by die GDO geregistreer is nie.

Ons laat weet die ouers wat leerders by HTS JV geregistreer het, sodra ons kennis kry van wanneer die GDO-registrasies open. Vir ouers wat probleme ondervind of onseker is, reël die GDO talle instap-lokale waar ouers met die proses gehelp word. Hou gerus die GDO-webblad dop vir meer inligting hieroor.

Op grond van hierdie aansoeke, vind die plasings later in die jaar plaas – gewoonlik teen September/Oktober. Dan kommunikeer ons weer onmiddellik met die betrokke ouers.

Dit is ook belangrik dat u by ons

C. **WHATSAPP-GROEP VIR 2027 SE GRAAD 8'S** aansluit. Hier hou ons u deurlopend op die hoogte van alle prosesse en verwikkelinge en gee ook raad, want ons besef dit is 'n baie onseker tyd vir menige ouers.

Om by dié whatsapp-groep aan te sluit, kan u

- die QR-kode skandeer:

of

- 'n whatsapp-boodskap stuur na 071 264 4420 en vra om by die graad 8-groep van 2027 aan te sluit.

U is baie welkom om mev Isabel Kotzé by die skool te skakel (087 148 3702) in geval van enige onsekerhede/vrae (Maandag tot Vrydag 08:30 tot 12:30) of 'n e-pos aan haar te stuur, by: isabelk@htsjv.co.za